

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 2: Noach (נח) – Noag

Hierdie is die geskiedenis van Noag. Noag was in sy tyd 'n onskuldige, opregte man met integriteit. God was tevrede met Noag. Gen. 6:9 – PWL¹

Torah : Genesis 6:9 tot 11:32

- ❖ **Inleiding** – Geregtigheid.
- ❖ **Gen. 6:11 en 12** – Soos die Dae van Noag

Haftorah: Jes. 54:1 tot 55:5 – YHVH se Ewigdurende Liefde vir Israel.

Hernieuwe Verbond: Matt. 24:36 tot 39; Hebr. 11:7; 1 Pet. 3:18 tot 22; 2 Pet. 2:5; Open. 14:8; 16:19; 17:1 tot 17; 18:1 tot 24.

God's law is a thing of beauty because it's an expression of who he is – Izzy Avram

Cheap grace is the theology that expects the benefits of grace without the sacrifice of obedience – Bonhoefer

Midrash (Torah Bespreking)

Inleiding

Ons is almal geneig om onself te meet aan diegene wat ons ken en aan die gemeenskap waarin ons lewe. Hierdie maatstaf kan egter misleidend wees, want YHVH se maatstaf is

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetsee by padwlewe@yahoo.com

anders as die een waarmee die wêreld meet. Indien ons onself met ander vergelyk is dit baie maklik om onself as geregverdig te beskou, want ons sal altyd iemand vind wat meer ongeregtighede doen as onself. Dit is so maklik om die splinter in 'n ander se oog te sien, terwyl daar 'n balk in ons eie oog is (Matt. 7:3 tot 5).

*We are very good Lawyers for our mistakes and very good Judges for other's mistakes –
Unknown.*

Dan moet ons ook onthou dat die mens 'n kuddeskepsel ('kuddedier') is en daarom 'n geneigdheid het om die voorbeeld van ander te wil volg. Hierdie feit word byvoorbeeld onderstreep deur voortdurende veranderende modegiere wat talle slaafs navolg. Ons wil immers nie soos 'n seer duim uitstaan en verwerp word nie en daarom is ons dikwels geneig om te kompromitteer! Weens groepdruk is ons geneig om inskiklik te wees.

Noag het in 'n samelewing geleef waar die boosheid van die mense groot was en waar elke vorming van 'n gedagte deur die mens altyddeur net sleg was (Gen. 6:5).

Die aarde was korrup voor God en die aarde was vol boosheid. God het gesien dat die aarde korrup was, want alle vlees het hulle lewenswyse op die aarde korrup gemaak. Gen. 6:11 en 12 – PWL.

Noag en sy gesin was egter anders as die bose en korrupte samelewing van hulle tydgenote. Hulle was nie bereid om te kompromitteer nie, maar het gehou by die onderrig en instruksies van YHVH. Daarom lees ons aangaande Noag die volgende: *Maar Noag het genade gevind in die oë van YHVH..... Noag was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Noag het met God gewandel* (Gen. 6:8 en 9)

Noag het in die regte verhouding met YHVH geleef en daarom het hy genade gevind in die oë van God. Dit beteken dat Noag nie net geglo het in YHVH as Skepper-God nie, maar dat hy ook geleef het volgens YHVH se geregtigheid, naamlik 'n leefwyse van gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en voorskrifte. Noag dien dus as voorbeeld van 'n mens wat die geregtigheid van YHVH is.

Hiervolgens is dit duidelik dat YHVH se genade en geregtigheid reeds in die ou verbond bestaan het. Daarom is dit noodsaaklik dat ons reeds op hierdie vroeë stadium van ons jaarlikse Torahsiklus die betekenis van YHVH se geregtigheid moet verstaan, want dit is verbondsterminologie wat van Genesis tot Openbaring van toepassing is.

Wat is YHVH se geregtigheid? Die antwoord word vir ons reeds in die ou verbond deur Jesaja gegee: *Alleen in YHVH is volle geregtigheid en sterkte* (Jes. 54:1), en in Ps. 119:172 lees ons dat YHVH se gebooie (Sy Torah) is geregtigheid. YHVH se geregtigheid is om te kan onderskei tussen wat afgesonder (heilig) en wat onheilig is en tussen wat rein en onrein is, asook om in 'n regsak reg te spreek volgens YHVH se verordeninge en om YHVH se wette en insettinge te hou (Eseg. 44:23 en 24).

Die Torah is YHVH se voorskrif en standaard van geregtigheid! En hierdie geregtigheid is alleenlik in Yeshua Messias te vinde. Daarom het Yeshua gesê: *Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word* (Matt. 6:33).

YHVH se geregtigheid bestaan uit geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias tot sondevergifnis en uit 'n ywer om gehoorsaam te wees aan al YHVH se onderrig en instruksies! Om Yeshua as Messias te bely en jou vreugde in Sy Torah te vind, is die

geregtigheid van God in Yeshua (2 Kor. 5:21). YHVH het Yeshua wat geen oortreder van Torah was nie, in ons plek die oortreder van Torah gemaak, en Hom die loon van 'n oortreder van Torah opgelê, naamlik die doodstraf (Rom. 6:23), sodat ons van alle aanklagte wat Torah teen ons het, vrygespreek kon word en sodoende in die regte verhouding met Vader-God kan staan.

In 1 Joh. 3:7 en 10 lees ons dat ons as kinders van die Vader die geregtigheid moet doen sodat ons geregverdig kan wees soos Hy regverdig is:

My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is.

Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.

Hoe doen ons die geregtigheid van YHVH? Deur as 'n geregverdigde te leef. Ons leef as 'n geregverdigde wanneer ons nougeset volgens Torah leef. Ons word deur geloof geregverdig verklaar, maar ons bewys ons liefde en dankbaarheid deur geregtigheid te doen, naamlik om in Yeshua as die Messias te glo en om al die gebooue van Torah te bewaar (Joh. 14:21 en 23). Dit is om van die Boom van Lewe te eet en al Vader-God se seëninge deelagtig te word.

Sonde is wetteloosheid (1 Joh. 3:4). Torah leer ons steeds vandag wat sonde is, want deur die wet is die kennis van sonde (Rom. 3:20). Indien ons nie volgens Torah leef nie, oortree ons die wet en sondig ons. Die genade van die hernieude (nuwe en verbeterde) verbond is dat wanneer ons weens die swakheid van die vlees struikel, en waarlik berou het, is daar onmiddellike vergifnis sonder om weer te offer (Heb. 10:11 en 12; 1 Joh. 1:9). Yeshua was die eenmalige offer vir ons sondes (Heb. 10:11 tot 18)

Deur egter doelbewus ongehoorsaam aan Torah te wees, verhef ons onself bokant God die Almagtige en maak ons 'n god van onself. Inderwaarheid sê ons dan dat ons beter weet as ons Skepper-God.

Ons kan nie YHVH deur ons woorde eer terwyl ons hart ver van Hom is nie (Matt. 15:8). Torah is die hart van die Vader, want dit is Yeshua in die vlees. Ons hart moet dus in Torah wees en dan sal ons naby Vader-God wees.

As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak. Joh. 14:23.

Bepeins of Bespreek

1. Wat beteken dit om soos Noag met YHVH-God te wandel (Gen. 6:9)? Is hierdie wandel net om te glo of is dit om te glo en te doen? Verwys na Henog (Gen. 5:22 en 24) en na die woorde van Jakobus in Jak. 4:4. Henry Matthew in sy Commentary on the Whole Bible skryf ondermeer die volgende:

When God was displeased with the rest of the world, he favoured Noah: But Noah found grace in the eyes of the Lord (Gen. 6:8). This vindicates God's justice in his displeasure against the world, and shows that he had strictly examined the character of every person in it before he pronounced it universally corrupt; for, there being one good man, he found him out, and smiled upon him.

Gen. 6:11 en 12 – Soos die Dae van Noag

Die aarde was korrup voor God en die aarde was vol boosheid. God het gesien dat die aarde korrup was, want alle vlees het hulle lewenswyse op die aarde korrup gemaak. Gen. 6:11 en 12 – PWL.

Ons leef in tye wat soos die dae van Noag is – die aarde en mensdom is verdorwe voor die aangesig van YHVH en vol geweld.

En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het. Matt. 24:37 en 38

Daarom sal daar weer ‘n dag kom wat YHVH sal aankondig:

Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom, want die aarde is deur hulle vervul met geweld. En kyk, ek gaan hulle saam met die aarde verdelg. Gen. 6:13.

Soos in die dae van Noag moet YHVH eers die aarde en die mense oordeel voor Hy alles kan herstel tot soos wat dit voor die sondeval was. YHVH se oordeel sal egter nie weer deur ‘n watervloed wees nie, maar die keer deur vuur (Open. 8:5, 7 en 8; Open. 9:17 en 18).

Soos Noag moet ons ook bou aan ‘n ark waarin ons kan gaan sodat YHVH die deur agter ons kan toemaak en verseël. Yeshua is daardie ark en gehoorsaamheid aan Torah is die wyse hoe ons die ark bou.

Laat ons ook soos Noag met Vader-God wandel sodat ons ook by die wederkoms van Messias as regverdiges en opregtes onder ons tydgenote gevind sal word.

Bepeins of Bespreek:

1. *Soos die dae van Noag verwys nie net na die morele en sedelike verval nie, maar ook na die geestelike verval. Die mensdom in die dae van Noag het YHVH se onderrig en instruksies verwerp. Is dit nie wat ook huidig die geval is nie? Word dit nie bevestig deur uitsprake van die kerk dat hulle vry van die wet is nie?*

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jes. 54:1 tot 55:5 – YHVH se Ewigdurende Liefde vir Israel

“Soos in die dae van Noag is dit vir My, toe Ek gesweer het dat die waters van Noag nie weer die aarde sou oorstrom nie; so het Ek gesweer dat Ek nie vir jou kwaad sal wees of jou sal bestraf nie, want die berge mag verwyder word en die heuwels mag skud, maar My liefdevolle goedheid sal nie van jou verwyder word nie en My verbond van vrede sal nie geskud word nie,” sê יהוה, wat vir jou omgee. Jes. 54:9 en 10 – PWL.

Aansluitend by die Haftorah van verlede week, word ons daaraan herinner dat hierdie profetiese liefdeswoorde van YHVH (Jes. 54:1 tot 55:5) deur die profeet Jesaja aan Israel gerig word. Ons word ook daaraan herinner dat YHVH **net een** bruid het, want in Parashah *B'reisheet* het ons geleer dat die huwelik bestaan uit die eenwording van een man en een vrou. YHVH ons God en Vader is ‘n monogamis! Israel was, is steeds en sal vir ewig YHVH

se bruid wees soos ondermeer bevestig word deur Eseg. 16:1 tot 14, Hos. 2:19 tot 20, en Jes. 50:1.

Hierdie Haftorah Skriflesing is ook 'n herinnering dat genade deel van die ou verbond was. YHVH se genade is nie net die terminologie van die hernieude (nuwe) verbond nie! Hierdie aspek mis die kerk, want hulle sien nie Yeshua in Torah nie! Hulle is nog verblind vir die feit dat YHVH dieselfde God van die ou en die hernieude verbond is – 'n God van liefde en genade, maar ook van tugtiging en oordeel!!

Soos 'n liefdevolle vader moet YHVH egter ook Sy kinders vir hul ongehoorsaamheid tugtig en oordeel indien hulle nie met berou terugkeer om volgens Sy se geregtigheid te lewe nie.

....want YHVH tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie hy behae het. Spr. 3:12.

Dan sal die bome van die bos jubel voor die aangesig van YHVH; want Hy kom om die aarde te oordeel. 1 Kron. 16:33

Maar YHVH sit vir ewig; Hy het sy troon reggesit vir die oordeel. En Hy self sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke vonnis met reg. Ps. 9:8 en 9.

The man who remains in his sin will be damned just as surely as the sun comes up in the east and goes down in the west – A.W. Tozer

YHVH se genade word ondermeer bewys deur die belofte dat Hy nie 'n einde aan Israel sal maak nie, maar hulle wel sal tugtig volgens die mate wat hulle verdien.

Want Ek is met jou, spreek YHVH, om jou te verlos. Want Ek sal 'n einde maak aan al die nasies waarheen Ek jou verstrooi het; maar aan jou sal Ek geen einde maak nie, maar Ek sal jou tugtig met mate, al sal Ek jou sekerlik nie ongestraf laat bly nie. Jer. 30:11

Hierdie tugtiging was met die doel op die toekoms. Ongehoorsaamheid kan nie ongestraf bly nie, maar die doel van tugtiging is dat dit tot bekering sal lei. Liefdevolle tugtiging wil 'n vrywillige verandering van ongehoorsaamheid tot gehoorsaamheid bewerkstellig by die een wat getugtig word.

Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. Open. 3:19

Bekeer beteken om terug te keer tot gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies – Sy Torah.

Matthew Henry in sy *Commentary on the Complete Bible* verklaar Jer. 30:10 tot 17 soos volg: *God is no respecter of persons, but will show His hatred of sin wherever he finds it, and that He hates it most in those that are nearest to Him.*

Hoewel Israel se ongeregtigheid groot en hul sondes geweldig is, en hulle tugtiging soos vyandskap van God mag lyk, belowe YHVH:

...Ek sal genesing vir jou tot stand laat kom en jou van jou wonde gesond maak, spreek YHVH; omdat hulle jou noem: die verjaagde. Dit is Sion, sê hulle, niemand vra na haar nie. So sê YHVH: Kyk, Ek verander die lot van die tente van Jakob en sal My oor sy wonings

ontferm; en die stad sal op sy puinhoop herbou word, en die paleis sal op sy regte plek staan.
Jer. 30:17 en 18.

YHVH belowe Sy liefdevolle getrouheid aan Israel:

Vir 'n kort oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot omgee sal Ek jou bymekaarmaak. In 'n uitbarsting van toorn het Ek vir 'n oomblik My gesig vir jou verberg, maar met ewige liefdevolle goedheid sal Ek vir jou omgee," sê יהוה, jou Loskoper. "Soos in die dae van Noag is dit vir My, toe Ek gesweer het dat die waters van Noag nie weer die aarde sou oorstrom nie; so het Ek gesweer dat Ek nie vir jou kwaad sal wees of jou sal bestraf nie, want die berge mag verwyder word en die heuwels mag skud, maar My liefdevolle goedheid sal nie van jou verwyder word nie en My verbond van vrede sal nie geskud word nie, sê יהוה, wat vir jou omgee. Jes. 54:7 tot 10 – PWL Vertaling.

Wanneer YHVH se genadeplan van herstel voltooi is, sal Israel nie weer verwond, verwerp, vervolg en geminag word nie. Nee, want dan sal Yeshua self as Koning van alle konings uit Jerusalem regeer en elke knie sal voor Hom buig en elke tong sal bely dat YHVH die Ewige, die Almagtige en die Regverdige is en dat Sy volk Sy koninklike priesterdom is!!

Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer. Jes. 45:23

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Yeshua sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is. Fil. 2:9 en 10

Bepeins of Bespreek

1. Is genade van die hernieude verbond kwytsekelding van tugtiging? Is dit nie wat die kerk inderwaarheid verkondig nie? Is daar 'n verskil in die definisie van sonde tussen die ou en die hernieude verbond? Verwys Rom. 6:1, 2, 11 tot 15; 1 Joh. 3:4.
2. Dikwels vra mense in tye van beproewing: *Hoekom doen God dit aan my?* Ontstaan hierdie vraag nie omrede die tugtiging van Vader-God dikwels as vyandskap van God gesien word nie? Is dit nie omrede mense nie die doel van YHVH se tugtiging verstaan nie? Is dit nie omrede mense geleer word dat hulle vry van die wet is nie?
3. In tye van beproewing moet ek kan onderskei of dit:
 - ❖ Die tugtiging van Vader-God is, of
 - ❖ 'n aanval van Satan is, of
 - ❖ Weens my eie toedoen is.

Is hierdie onderskeiding altyd maklik? Dit is so maklik om te sê dat dit die wil van God is of om Satan die skuld te gee! Maar, moet die rede en oorsaak vir hartseer en teenspoed nie begin by selfondersoek nie?

Die Nageslag van Abraham

Want jy sal regs en links uitbreek, en jou nageslag sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk. Jes. 54:3

Die nageslag verwys na die *saad* (*zarah*). Dit verwys dus na die nageslag van Abraham aan wie die land Israel behoort en wie se nageslag die wettige inwoners van Israel is (Gen. 12:7; Gen.13:14 tot 16; Gen. 15:5, 13 en 18; Gen. 16:10; Gen. 17:7; Gen. 22:17 en 18; Gen. 28:14).

Die vraag is dus wie is die nageslag van Abraham? Paulus gee vir ons die antwoord in Gal. 3:7, 9, 14 en 29 en Efes. 2:11 tot 14. Hiervolgens is dit duidelik dat elke mens wat deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane sondoffer geregverdig verklaar is, is die nageslag van Abraham. Die nageslag van Abraham wat YHVH as Sy volk beskou, is nie net die gelowige vleeslike nasate van Abraham, Isak en Jakob nie, maar ook die gelowige vreemdelinge (nie-Jode). In Yeshua word almal saamgevoeg as afgesonderdes (heiliges) en huisgenote van God wat gebou word op die fondament van die apostels en profete, terwyl Yeshua Messias self die hoeksteen is (Efes. 2:19 en 20).

Ons wat vroeër vreemdelinge was en onbesnedenes genoem word, en wat ook vevreemd was van die verbonde en burgerskap van Israel, het deur geloof in Yeshua Messias medeburgers van YHVH se volk geword (Ef. 2:11 tot 13 en 19).

Die Verlosser van Israel (Jes. 54:5) is ook die Verlosser van elke vreemdeling (nie-Jood), want Hy is die God van die hele aarde wat elkeen wat glo in Yeshua as die Messias deel van Sy bruid maak.

Bepeins of Bespreek

1. Abraham is geregverdig verklaar deur geloof (Gen. 15:6), maar was YHVH se seëninge deelagtig vanweë sy gehoorsaamheid (Gen. 26:4 en 5). Is hierdie patroon dan nie ook geldig in die hernieude verbond nie?
2. Het die Torah, YHVH se onderrig en instruksies (die wet), reeds voor Sinai bestaan?

Die wapens wat teen jou gevorm word

Geen wapen wat teen jou gevorm word, sal voorspoedig wees nie en elke tong wat jou beskuldig in oordeel, sal jy veroordeel. Dit is die erfenis van die diensknegte van יהוה en hulle vryspraak is van My,” verklaar יהוה. Jes. 54:17 – PWL.

Hoewel YHVH beide die wapenvervaardiger en die verderwer geskape het (Jes. 54:16), is dit duidelik dat beide niks teen die regverdige sal uitrig nie. Aanvanklik mag dit blyk asof die vyand die oorwinning sal behaal, maar uiteindelik is dit die regverdige wat sal oorwin!

Dieselfde geld vir diegene wat jou aanval deur valse beskuldigings of woorde van vernedering. Uiteindelik sal dit die waarheid wees wat jou teenstanders sal oordeel. Die waarheid is jou vryspraak, maar jou vyand se oordeel!

Oorwinning oor die vyand is die erfenis van die vrygespreekte diensknegte van YHVH!

Hierdie teksvers (Jes. 54:17) word vrylik aangehaal wanneer ‘geestelike oorlogvoering’ gedoen word. Dit is egter noodsaaklik om hierdie vers in konteks te verklaar en daarom is die vraag: Na wie verwys die “jy” in hierdie teksvers? Dit is hy wat deur geregtigheid bevestig word (Jes. 54:14)!!

Ons het reeds YHVH se geregtigheid in hierdie week se *midrash* van ons parashah bespreek. In die lig hiervan weet ons dat hy wat deur vertrouwe in Yeshua YHVH se geregtigheid begeer om dit te doen, is die een wat deur YHVH se geregtigheid bevestig word, en dit is hy teen wie geen wapen voorspoedig sal wees nie en dit is hy wat die tonge van die vyand deur die waarheid sal oordeel.

Daarom kan ons ook soos Dawid bely: *Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil* (Ps. 23:3). Daarom sal ons voorspoedig wees in alles wat ons doen (Ps. 1:3; Jos. 1:8).

Die seën van die hernieude verbond is die belofte van die Torah wat Vader-God op die tafels van ons harte skryf en wat Hy in ons verstand gee (Heb. 8:8 tot 12, met verwysing na Jer. 31:31 tot 35). Yeshua Messias het nou die Lewende Torah in ons harte en verstand geword!

In Psalm 119 beskryf die psalmdigter die heerlikheid (Gemanifisteerde Teenwoordigheid) van YHVH se Torah. Ons lees onder andere in verse 17 tot 22 die volgende:

*Doen goed aan u kneg, sodat ek kan lewe; dan wil ek u **woord** bewaar. Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit u **wet**. Ek is ‘n vreemdeling op die aarde; verberg u **gebooie** nie vir my nie. My siel vergaan van verlange na u **verordeninge** altyddeur. U dreig die vermeteles as gevloektes wat van u **gebooie** afdwaal. Wentel smaad en veragting van my af, want u **getuienisse** het ek bewaar. Al sit vorste en beraadslaag teen my—u kneg oordink u **insettinge**.*

Die psalmdigter se hartsbegeerte is om YHVH se woord te *sh’mar* [te bewaar, sorgvuldig te hou; te doen]. Hierdie woord bevat YHVH se wet, gebooie, verordeninge, getuienisse en insettinge. Dit is omvattend van al die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH, naamlik Torah (die wet). Die hele Psalm 119 is die hartsverlange van die psalmdigter om volgens Torah (YHVH se Woorde) in alles gehoorsaam te wees. Dit is ‘n lofpsalm en liefdeslied van die vreugde en seëninge van YHVH se wet, gebooie, verordeninge, getuienisse en insettinge. Soos die psalmdigter sê Paulus ook: *Ek verlustig my in die wet (Torah) van God* (Rom. 7:22).

Bepeins of Bespreek

1. Is jy die “jou” van Jes. 54:17? Begeer jy ook om deur geloof in Yeshua as die sondoffer YHVH se geretigheid te doen.
2. Sing jou hart dieselfde lied as die skrywer van Psalm 119 en kan jy saam met Paulus getuig dat jy jou verlustig in YHVH se Torah? Verstaan en besef jy dat die hele Skrif deur Vader gegee is om die lamp vir jou voet en die lig op jou pad te wees (Ps.119:105)? Alles in die Afgesonderde Skrifte is vir ons gegee as ‘n handleiding vir ons woestyn tog om uiteindelik die beloofde land in besit te neem. Hierdie handleiding is YHVH se Torah. Elkeen wat deur geloof gered is, moet volgens YHVH se handleiding leef!
3. Hoekom verhef talle mense hulle stem, en skreeu selfs op Satan, wanneer hulle ‘geestelike oorlogvoering’ doen? Probeer hulle Satan “bang” maak of intimideer? Word Satan nie juis “bang en ge-itimideer” wanneer ons Torah-gehoorsaam lewe nie? Lees Jak. 4:7 en 1 Pet. 5:8 en 9.
4. Satan loop rond soos ‘n brullende leeu op soek na wie hy kan veslind (1 Pet. 5:8) en hy is die een wat kom om te steel, te slag en te verwoes (Joh. 10:10a). Wat is egter die beste wyse om Satan te weerstaan? Verwys Jak. 4:6 tot 10.

5. Hierdie week, asook verlede week se Haftorah handel oor die herstel van Israel en die terugkeer na die ou paaie – die goeie weg (Jer. 6:16). Wie is diegene wat hierdie herstel teenstaan? Wie moet eers uit die weggeruim word voor die finale fase van YHVH se plan van herstel voltooi kan word? Verwys 2 Thess. 2:1 tot 12, asook die artikel: *Hy wat die Antimessias Teëhou* by <http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/04/Sep10AntiMessiasTeehou.pdf>

Almal wat dors het

“O, elkeen wat dors het, kom na die waters en wie geen geld het nie, kom, koop en eet. Kom, koop wyn en melk sonder geld en sonder prys. Jes. 55:1 – PWL Vertaling

Eerstens is dit belangrik om daarop te let dat hierdie uitnodiging aan almal gerig word! Die enigste vereiste om gratis te ontvang wat YHVH aanbied, is om dors te wees! Elkeen wat ‘n besef van geestelike armoede het (Matt. 5:3) en wat verlang om versadig te word, is welkom.

Tweedens verwys hierdie teksvers na die geestelike waters wat die dors van elkeen se gees en siel vir ewig sal les! Yeshua het hierdie uitnodiging om te kom na die waters bevestig toe Hy op die laaste dag van die groot fees (*Sukkot*) uitgeroep en gesê het:

As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. Joh. 7:37 en 38

Hierdie waters is die onderrig en instruksies van Torah en die waterbad van die Woord wat ons reinig:

Laat my leer drup soos die reën, my woord vloei soos die dou, soos reëndruppels op die grasspruitjies en soos reënbuie op die plante. Deut. 32:2

....soos Messias ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. Ef.5:25 tot 27

Derdens kan ons vra: Hoe koop ek sonder geld? Is dit nie ‘n teenstrydigheid nie? Dit wat YHVH ons bied kan geld nie koop nie, maar ek het wel iets kosbaar wat ek in ruil vir dit wat YHVH bied kan gee, naamlik my wil, denke en emosie! Dit is die “geld” waarmee YHVH wil hê ek moet “koop”. Wanneer ek bereid is om alles van die eie-ek prys te gee in ruil vir wat YHVH bied, dan sal ek eet van die Brood van die Lewe en nooit honger (gebrek) ly nie!

Bepeins of Bespreek

1. Lees Matt. 7:7 en 8; Matt. 21:22; Mark. 11:22 tot 24; Joh. 14:13 en Jak. 5:16. Is geloof, en vra in die Naam van Yeshua, die enigste vereistes om te ontvang wat ek vra? Antwoord dit in die lig van Joh. 9:31 en Joh. 15:7 en 16.
2. Lees weer Jes. 55:1. Water les dors, maar melk voed die liggaam en wyn verkwik die siel.

‘n Verkwisting van tyd en energie!

Waarom spandeer julle geld vir wat geen brood is nie en julle salaris op wat nie kan versadig nie? Luister versigtig na My en eet wat goed is en verheug jouself in oorfloed. Jes. 55:2 – PWL.

Rykdom, sukses, eer en plesier bied slegs tydelike bevrediging. Dit het geen ewigheidswaarde nie. Nogtans is dit die doelwit van die meerderheid mense; net om telkens te besef dat dit geen versadiging bied nie. Dit wat die wêreld bied is nooit genoeg nie en veroorsaak net die soeke na nog meer!!

Hierdie toestand het Yeshua by wyse van ‘n gelykenis verduidelik:

‘n Ryk man se grond het goed gedra. En hy het by homself geredeneer en gesê: Wat sal ek doen, want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel nie? Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel. En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik. Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s’n sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie. Luk. 12:16 tot 21.

Daarom het Yeshua gesê dat ons nie skatte op aarde bymekaar moet maak waar mot en roes dit verniel en diewe dit steel nie, maar dat ons hemelse skatte moet vergader (Matt. 6:19 en 20).

Wanneer ons eerstens die koninkryk van God en sy geregtigheid soek, dan sal alles wat ons nodig het vir ons bygevoeg word (Matt. 6:33). Dan kan ons lewe in oorfloed ervaar (Joh. 10:10).

I only experienced true joy when I stopped persuing happiness – Unknown

The modern church has gone right around the globe preaching the Sinner's Prayer. But what if it is simply another product of our instant "drive-thru" culture? A kind of McSalvation to get people into our modern McChurch? – Andrew Strom.

Bepeins of Bespreek

1. Ons moet tevrede wees met wat ons het (Heb. 13:5). Wanneer is ambisie, asook die ywer om doelwitte te bereik en suksesvol te wees gelykstaande aan “ontevredenheid”? Die moontlike antwoord in Matt. 6:33?

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan

Epos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.